MEI / JUNIE 2016

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

## LIG AAN DIE EINDE VAN DIE TONNEL - Deel 2

Terwyl Keiko steeds voortgegaan het om die Engelse klasse en vrouebyeenkomste in haar omgewing se kerk by te woon, het sy uiteindelik die realiteit besef dat sy 'n sondaar was. "Ek was diep oortuig van my sonde en het om vergifnis gevra en Jesus aanvaar as my persoonlike Verlosser."

Kort daarna is haar geloof erg getoets toe sy uitgevind het van die enorme groot skuld waarin hulle gesin gedompel is. Haar man het ingestem om borg te staan vir 'n lening vir een van sy vorige studente. Hierdie student het 'n rukkie later net verdwyn en Hajime was verplig om geld te leen van 'n swendelaar ten einde sy verantwoordelikheid na te kom. Die eerste keer wat Keiko daarvan gehoor het, was toe die krediteure op hulle drumpel was!



*Keiko Hirabayashi*

Keiko het vertel hoe die Here baie wonderwerke gedoen het en Hom aan hulle openbaar het op kosbare maniere, terwyl Hy hulle vir baie jare lank verlos het van hulle moeilikhede. "My man moes ophou werk en is gehospitaliseer omdat hy senusiek geword het as gevolg van sielkundige en fisiese uitputting. Toe ons by die hospitaal kom, ontdek ons tot ons verbasing dat die ontvangsdame 'n vorige student van my man was. Sy het ons na 'n spreekkamer geneem. Weer was ons verstom om te vind dat die dokter die vader was van een van my man se studente. Nadat hy van my man se probleme gehoor het, was hy so goedhartig om vir hom 'n privaat kamer te reël en geen besoekers nie, om hom so te beskerm teen die swendelaars."

Dit was gedurende hierdie tyd, met Keiko se bemoediging, wat Hajime weer die Bybel opgetel en dit begin lees het. Hoewel hy as universiteitstudent die besluit geneem het om Jesus te volg, het hy geweet dat hy verlore geraak het. Hy het vir die eerste keer die Bybel gelees met 'n hart wat waarlik gebroke en vol behoeftes was.

"Ek was diep bekommerd gedurende hierdie verskriklike tyd," bely Keiko. "Ek het dikwels gewens dat die volgende môre nie moet aanbreek nie. My man het geen inkomste gehad nie. Ek het Engels aan kinders in die omgewing geleer om 'n bietjie geld te verdien, maar met drie klein kindertjies was dit die beste wat ek kon doen om my gesin te versorg, bo en behalwe nog die swaar las van die skuld. Ek het geweet van God se beloftes, maar my hart was oorweldig deur vrees oor die toekoms. Ek het desperaat gewens ek kon vry wees van bekommernis!

Ek het toe 'n boek gelees oor hoe om bekommernis te oorkom. Ek het begin om Filippense 4:4-7 hardop te sê, maar terselfdertyd by God gekla, 'Hoekom sê U vir my om my te verheug in so 'n verskriklike tyd? Hoe kan ek blydskap vind onder hierdie omstandighede?' Daarenteen, as ek hierdie verse weer lees, word my aandag getrek deur een vers: ***Wees altyd bly in die Here***. Ek het oor hierdie vers nagedink, en na 'n tyd kon ek vind dat ek wel bly kan wees, want die Here is my Vader en Skepper.

Ek het besef dat dit onmoontlik is om op my eie bly te wees, maar ek kon bly wees omdat my lot in God se hande is en ek ook sy kind is. ***Niks is onmoontlik by Hom nie*** (Luk. 18:27). Hy het vir my die versekering gegee dat sy beskerming en leiding in my lewe nooit sal ophou nie -- nie eers vir een oomblik nie!

As ek gedink het oor die toekoms het dit baie donker gelyk en ek het gevoel asof ek in 'n diep moeras geval het. Ek het gewens ek kon doodgaan as gevolg van my moeilikhede, maar die volgende vers het my hoop gegee en my gehelp om weer op te staan:

***Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie*** (Rom. 8:18).

Ek het hierdie woorde oor en oor opgesê. Mettertyd het ek besef dat my swaarkry 'n baie klein stoffie was in vergelyking met die heerlikheid wat vir my voorberei word. My swaar las het baie ligter geword en my vrees het verander in vreugde. Ek kon die lig sien aan die einde van die tonnel.

My kinders het by 'n hele paar Christengesinne gebly, terwyl my man gehospitaliseer was. Dit was daar waar hulle geleer het hoe gesinne bid en saam die Bybel lees tydens hulle huisgodsdiens. Wanneer hulle huis toe gekom het, het hulle my geleer hoe om as 'n gesin huisgodsdiens te hou. Besondere kameraadskapstye en om te sien hoe die Here gebede beantwoord het in die lewe van my kinders was 'n groot bemoediging vir my.

Die Here het ons gelei na 'n persoon wat gewerk het by 'n burgerberadingsentrum. Ons was baie dankbaar, want hy het ons goeie regsadvies gegee en ons gehelp om baie van ons finansiële probleme op te los. Ek was verstom toe ek uitvind hy is 'n Christen. Hy het niks van ons geweet nie, dus het hy nie geweet ons is Christene nie. Dit was die Heilige Gees wat ons gelei het na hierdie spesiale persoon!

Na my man huis toe gekom het van die hospitaal, het hy begin deelneem aan ons gesin se huisgodsdiens en saam met ons kerk toe gegaan. Dit het hom geraak om te sien hoe ondersteunend die kerk en Christene was en hoe die Here ons so getrou deur hierdie baie moeilike tyd gebring het. Ons kinders het ons dikwels aangemoedig om saam met hulle te bid oor ons probleme. Hajime het weldra opnuut sy hart aan die Here toegewy.

Weldra was ons in staat om ons konneksie met die swendelaars te beëindig deur hulle af te betaal met die aftreegeld wat my man ontvang het toe hy afgetree het. Maar daarna het ons steeds lenings van vriende en kennisse gehad wat ons 10 jaar geneem het om ten volle af te los.

My man is gevra om te gaan klas gee by verskeie kolleges en voorbereidingskole. Hy is later gevra om 'n professor te wees by 'n kollege in Nagoya en het daar gewerk totdat hy 75 was."

Keiko is nou 81 jaar oud en lewe gelukkig saam met Hajime wat vanjaar 90 jaar word. "Ek het erge beproewings deurgemaak in my lewe," het Keiko gedeel

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bediening in Tronke
- Engelse Evangelisasie
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 2/3, 8/3, 15/3, 16/3, 22/3, 2/4, 4/4.**

**ABSA BANK:- 1/3, 2/3 NLM, 8/3, 9/3, 18/3, 22/3 Langeberg Bybels, 23/3, The Grove, 26/3, 29/3, 29/3 Bybels, 1/4, 1/4 Hartenbos Bybels, 2/4 NLM, 4/4, 5/4 Modimolle, 6/4 Brackenfell, 12/4 Albertinia, 18/4, 23/4/2016.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***
***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

"maar as ek nie sulke moeilikhede gehad het nie, sou ek nie vir Jesus so innig geken het nie.

God het my 'n nuwe doel in die lewe gegee: ***Gaan huis toe na jou vriende, en vertel hulle hoe baie die Here vir jou gedoen het, en watter genade Hy aan jou bewys het*** (Mark. 5:19).

Keiko woon steeds dieselfde kerk by waar sy Jesus gevind het en tans speel sy 'n belangrike rol in Japansending se Engelse Evangeliese Program wat in haar kerk aangebied word. **Bid** vir haar aangesien sy haar geloof deel met die Engelse studente.

"Ek het nou die geleentheid om die evangelie te deel met die Engelse studente wat na ons kerk toe kom. Ek wil vriende met hulle maak en my getuienis deel. Elke keer wanneer ek die huis verlaat vir klas, pleit ek by God vir sy leiding en hulp. Ek bid, 'O, Here, gee asseblief oorvloedige genade vir hierdie leë kruik sodat ek die soet geur van Jesus kan versprei.'

Die Here is getrou. Hy laat nooit na om te reageer op my gebed nie. Ek kom altyd by die huis met 'n hart vol dankbaarheid oor God se seëninge."

## *OPDATERING - ENGELSE EVANGELISASIE*

Werkers van Japansending onderrig weekliks Engels in twintig verskillende kerke aan omtrent 300 studente. Baie van die plaaslike gemeenskap wat nie kerk toe gaan om die byeenkomste by te woon nie, gaan om Engels te leer en vriende te maak met 'n uitlander. Elke klas eindig met 'n kort Bybeltyd wat aangebied word deur 'n dominee of 'n Japannese medewerker. Die Here het ons voorsien van 'n hele paar toegewyde medewerkers wat die Here liefhet, soos Keiko Hirabayashi, wat saam met ons getuig en werk om die ongereddes vir Christus te bereik.

**Bid** dat die Here vir hulle wysheid sal gee en dat almal wat betrokke is by hierdie bediening 'n seën sal wees vir die studente met wie hulle in kontak kom.

## *OPDATERING - NUWE SENDINGONDERWYSERS*

Drie nuwe Engelse onderwysers het in die afgelope jaar by die Engelse Evangeliese Program aangesluit. **Bid** dat die Here hulle sal help om effektief te kan uitreik, wanneer hulle na die verskillende kerke reis om Christus te deel en vriendskappe te sluit met baie nie-Christene in die plaaslike gemeenskappe.



*Meljun Picardal*



*Samantha Shoner*



*Kim Ayars*

Daar is 'n groeiende belangstelling in Japan om Engels as spreektaal aan te leer vanweë die Wêreldbekerrugby in 2019 en die Tokio Olimpiese Spele wat in 2020 aangebied gaan word, asook vanweë die toename in die groot aantal toeriste. Die meeste Japannese leer Engels vir ses jaar voordat hulle met hoërskool klaarmaak, wat hulle help om 'n goeie begrip van die Engelse grammatika te hê. Die gemiddelde matriekleerling het 'n woordeskat van omtrent 2 000 Engelse woorde. Gee hulle 'n woordeskattoets en die meeste sal dit slaag. Hulle kan Engels skryf, maar sukkel om dit te praat.

Die probleem lê klaarblyklik in die manier waarop Engels onderrig word. Daar is baie min geleentheid vir mense om gesprekke in Engels te voer. Leerlinge is dikwels te verleë om Engels te praat uit vrees dat hulle foute sal maak.

Baie voel ook dat Engels opsioneel is en nie essensieel nie, omdat hulle gemeenskap so homogeen is. Hierdie persepsie is geleidelik besig om te verander aangesien veelvolkige maatskappye begin vereis dat party van hulle sakevergaderings in Engels gevoer moet word. Hulle betaal ook hoër salarisse aan werkers wat Engels kan praat.

Dit gee aan Japansending 'n unieke geleentheid om in die behoeftes van diegene wat hulle Engels wil verbeter, te voorsien. **Bid** dat die Here aan diegene wat betrokke is by hierdie program wysheid en insig sal gee, terwyl ons gebruik maak van die geleentheid om die evangelie te deel met baie - van ouderdom 3 tot 83.

▪ **Dankie** vir u gebede en besorgdheid oor ons na die nuus van die M6.2 aardbewing wat Japan Donderdag 14 April getref het en 'n nog sterker M7.0 aardbewing binne 28 uur. Die episentrum was in Kumamoto, ongeveer 600 km van ons gebied af. Japansending is werksaam om hulp te verleen aan slagoffers van die ramp. Ons sal u gebede vir die slagoffers en hierdie uitreik waardeer.